# Taffienuus: Junie 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

Tafklub se lede het die afgelope tyd baie goed gepresteer. Ons klublede het heelwat aanvaardings, meriete toekennings, medaljes en  webtuiste wenners ontvang. ***Ons eie salon is sluit 15 Junie en daar sal 'n spesiale prys wees vir 'n klublid met die meeste inskrywings en aanvaardings*** !

## 1. KLUB PRESTASIE:

1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2023-2024 Impala jaar):**

- Die totale is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| | PSSA int | Calitsdorp Print circuit | IPC | Edenvale |
|---|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 2 | 2 Meriete en 8 | 1 | 1 |
| Thomas Bothe | | 5 | | |
| Philip de lange | 2 | Silver medalje<br>1 Meriete 16 | 1 | |
| Louise de Lange | | 5 | 1 | |
| Andre de Koker | | | 4 | |
| Christo Giliomee | Goue medalje<br>1 Meriete en 6 | 5 Meriete en 9 | 4 | 1 Meriete en 6 |
| Quintus Heine | 2 | 2 | 1 Meriete en 4 | 2 Meriete en 1 |
| Theo Potgieter | 4 | | 5 | 2 Meriete en 5 |
| Frank Smith | | 6 | | |
| Juliana van Dyk | **2** | 2 Meriete en 8 | 3 | Silwer medalje 5 |
| Adriaan v Zyl | 4 | 13 | 2 | 6 |
| Karen v Zyl | 3 | 1 Meriete en 4 | 2 Meriete en 5 | 2 |
| Mariana Visser | 1 | Brons medalje 16 | 3 | 2 |
| | | | | |

**Baie geluk aan elkeen. Spesiale vermelding vir ons medalje wenners:  Mariana Visser het 'n brons medalje; Philip de Lange en Juliane van Dyk het silwer medalje ontvang en Christo Giliomee het 'n goue**

**medalje in 'n (plaaslike en) internasionale kompetisie gewen van PSSA . Hier is Christo se wenfoto: Swallow drinking**



1.2 **Promovering van Klublede**

Die volgende lid het 'n ster- promovering by die klub verdien vanaf einde Mei.
Theo Potgieter - vanaf 5 ster na Meester Brons

1.3 **Honours**

Theo Potgieter het sy DPSSA verwerf by PSSA . Baie geluk Theo. Dis jou 2de honours in die jaar!!!!

**1.4 Ander prestasies:**

Mariana Visser het 2 aanvaardings en een FIAP HM ribbon by die 1st International circuit PHOTO OFFSET 2024: Georgia, Cyprus, Turkmenistan ontvang. Geluk Mariana

**Baie-baie geluk!!**

## 2. NUUS VAN DIE PSSA

2.1 Alle lede van PSSA moet vanaf 19 Mei hulle lidnommer en **intekening op PhotoVault nuut verifieer.** Dit is 'n eenmalige proses. Die lidmaatskapslys van PSSA word vanaf Mei verbind met PhotoVault. In die verlede was die programme se databasis nie gekoppel nie. Nou gaan die PSSA lidmaatskap aan Photovault gekoppel word. Dit het gebeur dat sommige lede 'n ou/vervalde lidmaatskap no. gebruik het om in salonne in te skryf. Dit was moeilik om op te tel. Nou kan dit maklik gesien word. Die databasisse sal nou met mekaar skakel.



2.2 **Wes Kaap foto- fees begin 9 November**
Verlede jaar het ons die WCPF se foto-fees in November gehad met 'n foto uitstalling in Groot Constantia. Toe was Kaapstad die gasheer. Hierdie jaar is Paarl die gasheer en word so uitstalling in die Paarl gehou. **Dagboek gerus 9 November asseblief**

2.3 In 2025 word die **PSSA se kongres** in Struisbaai gehou. (CPTS is gasheer) Dit sal 10-14 Augustus 2025 wees.

2.4 Lees gerus die PSSA nuusbrief vir Junie maand hier : https://mailchi.mp/pssa/39ads0741o-9106660?e=7a3a3b3cfb

2.5 Die jaar se **PSSA kongres** word in Parys ( Vrystaat) gehou Lees meer daaroor in https://pssa.co.za/pssa-national-congress-2024/

## 3 WEN-FOTO'S VAN Junie 2024- Tema – Vaste kategorie: City Scapes

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Bee-utiful : Jean Rheder**<br>**Wenner: Ope kategorie, Maandwenner en Junior Wenner** | **Druppel van die slurp: Karen van Zyl**<br>**2de Ope** |
|  |  |
| **Victoria Wharf Wheel: Karen van Zyl**<br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Victoria Waterfront: Mariana Visser**<br>**2de: Vaste kategorie** |
|  | |
| **Gedrukte kategorie: Sunset VBlaze**<br>**Juliane van Dyk** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 4. PROGRAM 2024

**Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring.**
**[www.tafklub.co.za](http://www.tafklub.co.za)**
**Onthou van ons Fotografie naweek –laaste naweek in Aug. in Lambertsbaai!**

## 5 JUNIE 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie Junie: Creative or Visual Art**

- Die maand se klubkompetisie is **<u>18 Junie</u>** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **12 Junie.**

**Die vaste tema is: Creative or Visual Art en die beoordelaar is Steff Hughes.**
**Definisie: Let asb. op die definisie hieronder:**
**Images that go beyond the straightforward pictorial rendering of a scene. The image does not have to employ derivative or manipulative techniques to be Creative or Visual Art. Manipulation is allowed.**

**Dit is slegs n Zoom byeenkoms. Sien die program**

- **Let wel dat Junie – Sept. slegs Zoom vergaderings gaan wees. Ons sal dit aan die einde van die jaar herevalueer.**

5.2 **Vaardigheid. Monochrome**

- **Monochrome:** Kim Stevens praat **Dinsdagaand 4 Junie 19:00** met ons oor Monocrome fotografie. Sy is een van die topsprekers oor die onderwerp. Sy word ook landwyd gebruik om beoordelaars hierin op te lei. Die kompetisie vir Monochrome is eers in Julie.
  Dit is slegs n Zoom byeenkoms. Sien die program
- **Uitstappies:** Op 8 Junie het ons 'n uitstappie na Blaaubergstrand. Juliane sal meer op die Whatsapp groepe berig.

## 6 HOE WORD DIE WENFOTOS AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR AANGEWYS?

In Tafklub is daar aan die einde van elke jaar toekennings wat gemaak word. Die volgende toekennings word gemaak:

- Die fotograaf van die jaar in elk van die volgende ster-kategorieë: 1-2 ster / 3 ster/4 ster/5 ster/Meester. (daar moet genoeg deelnemers in 'n ster-kategorie wees). In die ster- kategorieë is dit elke keer die fotograaf wat die meeste punte deur die jaar in sy spesifieke kategorie verdien het.
- Klub Fotograaf van die jaar: Die prestige toekenning word soos volg bepaal: Groslys : 'n Groslys *van 4 word saamgestel* vanuit al die fotograwe van die klub - wat die meeste keer 'n "12 -15 punt foto " opgelewer het. *Hierdie 4 fotograwe word in die volgende drie afdelings getoets. Die een wat die meeste van die drie afdelings bo eindig is die wenner:*
  1) Watter fotograaf het die meeste "12-15 punt" foto's gedurende klubkompetisies in die jaar gehad. (maw bo geëindig met vasstelling van groslys)
  2) Dan word gekyk watter van die 4 fotograwe het vir elke maand (of die meeste keer) se klubkompetisie ingeskryf.
  3) Watter van die 4 fotograwe het elke maand (of meeste keer) se klubbyeenkomste bygewoon (zoom of fisies )- Indien hulle gelyk is, word na ander aktiwiteite ook gekyk.

  'n Wenner word uit die 4 aangewys. Die beoordelaars hiervoor is die Voorsitter en Photovault administrateur en hulle beslissing is finaal. Daar kan dalk weer oorweeg word om (soos in jare terug )weer 'n "2de prys" Fotograaf van die jaar in te stel.
- Foto van die jaar: In Nov. word die kategorie wenners van elke maand (vanaf Nov-Okt) aan alle lede gestuur wat dan stem vir die foto van jaar. Indien daar foto's is wat gelyke aantal stemme ontvang het, besluit die beoordelaars.
- Impala toekenning: Die klub fotograaf wat die hoogste in die klub op die Impalalys eindig
- Voorsitterstoekenning: Die Voorsitter maak verdienstelike toekenning/toekennings vir 'n spesiale bydrae tot klub

## 7 JEUG PRESTASIES

Ons is trots op die jeugfotograwe van Tafelberg Fotografieklub. Hulle het uitstekend gepresteer in die IV International YOUTH Photo Contest EURASIA ”Noframes” in Rusland gehou. Ons is voorwaar baie trots op die jongmense wat Suid-Afrika se jeug verteenwoordig het in die kompetisie. Hierdie kompetisie is vir die jeug van dwarsoor die wêreld vanaf die ouderdom 10 tot 22. By Eurasia het meer as 1050 kinders ingeskryf. Uit die Tafklub jeug fotograwe is daar twee wat hier presteer het: Thomas Bothè en Alexa Bothè. Thomas was ook die jeug fotograaf wat die beste gevorder het in die kompetisie van die SA Jeug met goue medaljes en 25 aanvaardings. Alexa het ook ’n goue medalje met 6 aanvaardings ontvang. Die jeug se uitsonderlike prestasie het bygedra dat die: PSSA Youth Photographers of South Africa – klub die Gold Cup toekenning ontvang het as die beste klub inskrywing in Rusland. Weereens baie geluk !

Die bestuur van Eurasia het vir Phillip De Lange en vyf jongmense uitgenooi na die Eurasia Festival “Noframes” vanaf 8 to 12 Julie 2024. Dit is ’n fotografie kongres met Meesterklas werkwinkels en ’n kompetisie in Chelyabinsk wat daarop gemik is om die jeug te bevorder in Fotografie. Die bestuur van Eurasia het onderneem om die hotelonkoste (ontbyt ingesluit) vir die tydperk in Rusland te betaal vir genooide lede. Hulle moet egter hul eie vliegtuigkaartjies, daaglikse vervoer na venue en ander koste self finansier. Phillip De Lange en Thomas Bothè gaan saam met vier ander skoliere van ander skole die kongres bywoon. Dis ’n wonderlike geleentheid.

Indien jy persoonlik jou weg oopsien om hulle te help met die onkoste kan jy op die skakel van backabuddy hieronder kliek.

https://www.backabuddy.co.za/campaign/photographic-opportunity-for-the-youth-photographers-of-south-africa

## 8 TEN SLOTTE:

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!!*
*Neem baie foto’s!*

**Foto-groete**

**Quintus Heine**